2 Januarie 2022

FAMILIE TUISBLAD

Psalm 72: 11-15

Welkom in ‘n splinternuwe jaar! Wat lê alles vir jou voor in die nuwe jaar? Het jy enige planne of drome? Dalk het jy ook selfs ‘n paar nuwejaarsvoornemens gemaak? (Gesels met mekaar hieroor.)

Ons is ook in ‘n splinternuwe kerkjaar seisoen. Die kerk regoor die wêreld het ‘n eie kalender met feeste en seisoene. Ons begin hierdie week met die seisoen Epifanie -een van die minder bekende seisoene. Luister gerus hierdie week na die podcasts op die DinkJeug Familie App om meer te hoor oor Epifanie. Tydens Epifanie dink ons aan Jesus se koms na die wêreld as Koning.

Psalm 72 is ‘n gebed wat vir koning Salomo geskryf is toe hy koning geword het - 970 jaar voor Christus gebore is. Maar hierdie Psalm is ook later gebruik as ‘n gebed vir Koning Jesus. Dit wil vir ons iets vertel van Jesus se koningskap.

Lees watter tipe koning Jesus is: Psalm 72: 11-15

Gesels:

- Ek wonder watter woorde het jou verras in dié gebed?
- Hoe is Jesus ‘n ander tipe Koning vir ons – watter leidrade is daar in die teks?
- Wat beteken dit vir jou dat Jesus jou Koning is, ook in hierdie nuwe jaar?

Bid: Gebruik vandag die teksgedeelte om vir Jesus te bid as Koning, maar verander die woorde om dit julle eie te maak... Begin byvoorbeeld met:
“Ons buig diep voor U, Koning Jesus
Ons wil U dien...” ens.

Doen: Sing vandag liedere saam wat vertel van Jesus se koningskap.

Nog nuttige skakels:
https://dinkjeug.co.za/kerkjaar-kalender/
https://dinkjeug.co.za/meer-oor-die-kerkjaar/
https://dinkjeug.co.za/meer-oor-epifanie/

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **die kerkjaar seisoen Epifanie** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za